


## Om die Here te Verheerlik



### Jesus se roeping

Mat 22:35-40

35 En een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vas trek.

36 "Meneer," vra hy "wat is die grootste gebod in die wet?"

37 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.



### Jesus se roeping

Mat 22:35-40

38 Dit is die grootste en eerste gebod.

39 En die tweede, wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.


40 Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.



### Jesus se roeping

Lukas 2:49

En Hy sê vir hulle: Waarom het u My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die dinge (of huis) van my Vader moet wees nie?



### Jesus se roeping

1) Om gehoorsaam te wees aan die wil van die Vader

2) Om te doen wat reg en goed is in die oë van die Vader

3) Om die Vader te verheerlik met Sy lewe



### Om gehoorsaam te wees

Filippense 2:8

en toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis.

**Om gehoorsaam te wees**

Matteus 26:39-42

39 En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

**Om gehoorsaam te wees**

Matteus 26:39-42

40 En Hy kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie?  
41 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

**Om gehoorsaam te wees**

Matteus 26:39-42

42 Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.

**Om te doen wat reg en goed is**

Deuteronomium 6:18

En jy moet doen wat reg en goed is in die oë van die HERE, dat dit met jou goed kan gaan en jy kan inkom en in besit neem die goeie land wat die HERE aan jou vaders met 'n eed beloof het,

**Om te doen wat reg en goed is**

Johannes 10:10-11

10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

11 Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.

**Om die Vader te verheerlik**

Johannes 14:13

En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.

**Ons skiet te kort**

Psalm 23:1-6

1 'n Psalm van Dawid. Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.

2 Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.

3 Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.

**Ons skiet te kort**

Psalm 23:1-6

4 Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.

5 U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.

**Ons skiet te kort**

Psalm 23:1-6

6 Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.

**Die wedloop as 'n maraton**

Hebreërs 12:1-10

1 Daarom dan, terwyl ons so 'n groot skare getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê,  
2 die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het

**Die wedloop as 'n maraton**

Hebreërs 12:1-10

en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.

3 Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie.

4 Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.

**Die wedloop as 'n maraton**

Hebreërs 12:1-10

5 En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie;

6 want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem.

### Die wedloop as 'n maraton

Hebreërs 12:1-10

7 As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie?

8 Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie.

### Die wedloop as 'n maraton

Hebreërs 12:1-10

9 Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie?

10 Want hulle het ons wel 'n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word.